


## DANIËL EN KONING NEBUKADNESER

Maats, lees die skrifgedeelte en soek dan 15 verskille tussen die 2 prente, kleur hulle daarna mooi in!



25 SEPTEMBER 2022

### DAGBOEK

#### Vandag

08:00 Koffie en tee in die foyer  
09:00 Oggenddiens  
**Teks:** Jeremia 29:1-14  
**Tema:** *Dra vrug daar waar jy is*  
09:00 Kinderkerke  
09:00 Reguitstr 13+  
10:00 Koffie en tee in die foyer  
18:00 Belydenisklas

#### DINSDAG 27 September

18:00 GKF

#### VRYDAG 30 September – Skole sluit

#### SONDAG 2 Oktober

08:00 Koffie en tee in die foyer  
09:00 Oggenddiens  
10:00 Koffie en tee in die foyer



### POEDINGVERKOPE

Liewe gemeente, Ons beplan om weer poeding te verkoop om geld in te samel vir die kinderkerke. Ons het egter hulp nodig met die maak van die poedings. Sal almal wat bereid is om 'n skenking ten opsigte van enige poeding, vla of jellie asb vir Sylvia Botha kontak na ure op haar selfoon nr 083 292 5096. Baie dankie byvoorbaat.

– Liza Nel



**Die HERE is goed,  
Hy is 'n toevlug in tyd van nood,  
Hy sorg vir dié wat by Hom skuil.**  
- Nah 1:7



### GEBEDSLYS

#### Bid asb vir:

- Lisa vd Westhuizen
- Elsa Bruhns



## EK HET OORGENOEG VAN ALLES WAT SAAK MAAK

Wanneer laas het jy gehoor dat mense sê hulle het genoeg?

Ek bedoel genoeg geld, genoeg kos, genoeg inkomste, genoeg klere, veiligheid, vriende, tyd, vakansie, geloof, besittings, geleenthede, kennis, vryheid, geluk, gesondheid ...?

Elke keer wanneer die vraag van genoeg ter sprake is, het niemand genoeg nie. Mense kort altyd nog iets ... net nog 'n bietjie meer geld ... net nog 'n bietjie meer tyd ... net nog 'n ekstra kans. Net nog iets.

Ons moet Psalm 23 opnuut gaan lees. Ons moet dit van voor af ernstig opneem. Psalm 23 begin met daardie tydlose woorde: "Die Here is my herder." Die meeste van ons ken hierdie woorde uit die kop, maar amper niemand van ons ken die woorde wat direk hierna volg nie: "Ek kom niks kort nie."

As jy Psalm 23 se eerste vers in geheel lees en as jy regtig glo die Here is jou herder, dan moet dit uitmond in die belydenis dat jou grootste tekorte in die lewe agter die rug is. Dan het jy oorgenoeg hemelse lewe, oorgenoeg hemelse krag, oorgenoeg hemelse genade, oorgenoeg hemelse versorging en oorgenoeg hemelse gawes van God ontvang om jou aardse lewe sinvol te leef.

Hoekom beleef baie gelowiges nooit sulke hemelse oorvloed nie? Wel, omdat hulle nie voltydse skape van die Here is nie. Hulle wil eerder geestelike lees wees. Of geestelike reuse. Hulle wil selfversorgend en onafhanklik wees. Maar Psalm 23 is helder en duidelik: Die Here is die herder van Sy skape. Hy sorg vir brose, feilbare mense, wat gekies het om skape in Sy kraal te wees.

Ons moet ophou om sulke selfversekerde gelowiges te wees. Ons is nederige skape van die

hemelse Herder. As ons dit besef en dit ook ervaar, sal ons weet ons het altyd meer as genoeg van dit wat regtig saak maak. -**Stephan Joubert [eKerk]**

## GRIEKWA - PSALM 23

Die Jirre is my skawagter wat my nou innie dradewerke wan sy proewe hou.

Hy sal my nooit verloor lat lê nie en sal ek ok niks oor my hê nie

en al wei ek wyd warie wind begin:

Hy lei my na waterse tissenie deine in;

Hy sit my siel in my lyf in trig;

Hy breekslat slang se hoepelrig!

U melk my beker vol wa ek loop lê:

in my land wa ek meneer moet sê,

maak u opslagstrale van my tegeparty,

ma ek en U, ons sal onder die doringse bly

- **Uittreksel uit: Innie skylte vannie Jirre deur Prof. Hans du Plessis uitgegee deur Lapa Uitgewers**

## VERJAARSDAGLYS

**Vandag:** Lieb Koekemoer

**26 September:** Judy Heymans, Charmaine le Roux, Annemarie

Swanepoel, Roelof vd Spuy

**27 September:** Geen verjaarsdae

**28 September:** Blikkies Alberts

**29 September:** Rika Nieuwoudt, Hendrik van Heerden, Christelle van Wyk

**30 September:** Willie Blom, Leon en Geon McCabe, Dot van Rensburg

**1 Oktober:** Elizabeth vd Merwe

**NB:** Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. - **Elize**



## DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- R2-projek: Vat 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollektetasakkie.
- Koperkruik-projek: Gooi al u "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005].
- Mandjieprojek - **Elize**

## OM OOR JOU BEPROEWINGS TE TRIOMFEE

"My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard" - *Jakobus 1:2-3*

Margaret Bottome (1827 – 1906) het gesê: "n Mens se godsdienst is net so diep as wat hy dit in beproewings toon." Dit is ook die voorbeeld wat die manne in die vuuroord aan die toenmalige wêreld gestel het. Deur hulle geloof in God het Hy hulle sonder letsel en ook sonder hul boeie uit die vuuroord laat kom, sodat sy Naam daardeur verheerlik kon word. Dit het Nebukadnesar laat sê: "Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe hulle God te dien of te aanbid" (Dan 3:28).

Net so moet elke Christen ook soms deur 'n vuurproef gaan. Jakobus sê tereg dat die beproewings 'n toets is vir ons geloof. Hierdie beproewings toets ook nie net ons geloof nie, maar dit maak ons ook geestelik sterk. Wanneer ons geestelik sterk geword het, stel dit ons in staat om te kan volhard tot die einde toe. "Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee" (Openb 2:26).

Elke beproewing wat deurstaan word is 'n triomf (oorwinning) vir die Christen. Daar is baie beproewings wat oor ons pad kan kom. Daar is die vervolging van Christene soos in die tyd waarin Jakobus sy brief geskryf het en wat vandag ook

nog voorkom. Nader aan ons is dit die omstandighede waarin ons lewe. Ons kan finansiële probleme ondervind, of ernstige siekte of selfs die liggaamlike dood kan op ons wag. Maar as ons tot die einde toe in ons geloof volhard, is ons meer as oorwinnaars deur Jesus Christus (Rom 8:37). Deur die geloof behaal ons die oorwinning, en elke oorwinning wat ons behaal, versterk ons geloof net meer. Ons lewe bestaan uit laagtepunte (dale) en hoogtepunte (hoogtes). 'n Dal is die tyd van beproewing. Maar dan is daar ook weer die hoogte waarvandaan ons kan afkyk na die weg wat ons afgelê het en vanwaar ons ons triomflied tot eer van God kan aanhef. "Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig" (Ps 23:4).

Is daar nie iets betowerends in die gesig van 'n man of 'n vrou wat, niteenstaande moeilike omstandighede, elke dag blymoedig aanpak nie? Is daar nie iets aansteekliks in die loflied van iemand wat as oorwinnaar uit 'n swaar beproewing kom nie? Is dit nie bemoedigend om iemand te sien wat, alhoewel gebroke na die liggaam, tog nog die glans van die geloof behou nie? Hulle lewens getuig van die genade wat die geloof in Jesus Christus in sy mense werk!

-dw  
**Gebaseer op 'n gedagte in: Streams in the desert deur Mev Charles E Cowman**

## METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien  
Elektroniese betaling:

EFT of Zapper

Bankbesonderhede:

NG Kerk Potch-Suid  
Absa Tjekrekeningnr 680580049

Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



<b>Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.</b>	<b>Naam:</b> .....
	<b>Selno:</b> .....